SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2018

# BESIGHEIDSTUDIES V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING A: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING A: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord SLEGS EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20 minute** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **35 minute** |
| | **3** | **40** | **35 minute** |
| | **4** | **40** | **35 minute** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord SLEGS EEN.** | **5** | **40** | **30 minute** |
| | **6** | **40** | **30 minute** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 E.

1.1.1 Een van die partye tot ŉ dienskontrak is ŉ …

A versekeraar.
B verhuurder.
C werknemer.
D huurder.

1.1.2 Die naam van ŉ privaat maatskappy eindig met die afkorting …

A (Edms.) Bpk.
B Bpk.
C MSW
D Edms.

1.1.3 Die beste visuele hulpmiddel wat besighede kan gebruik om hulle vordering oor ŉ tydperk van drie maande te toon, is ŉ …

A sirkelgrafiek.
B staafgrafiek.
C diagram.
D lyngrafiek.

1.1.4 Watter EEN van die volgende is ŉ voorbeeld van ŉ maatskaplike verantwoordelikheidsprogram van ŉ besigheid?

A ŉ Verhoging in die bestuurder se salaris
B ŉ Toename in wins
C Om ŉ Vigs-weeshuis te borg
D Om die pryse van produkte te verminder

1.1.5 Hierdie probleemoplossingstegniek help die bestuurder om oplossings op sy/haar eie te vind:

A Dinkskrum-tegniek
B Delphi-tegniek
C Leë-stoel-tegniek
D Gedwonge kombinasies-tegniek (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. (ʼn) Woord(e) mag net EEN keer gebruik word.

| |
|---|
| probleemoplossing; krediet-ooreenkoms; prospektus; drievoudige eindresultaat; JSE SVI indeks; selfvertroue; versekering; besluitneming; professionalisme; memorandum van inkorporasie |

1.2.1 ʼn … is ʼn geskrewe uitnodiging aan die publiek om aandele in ʼn publieke maatskappy te koop en dit moet voorgeskrewe inligting bevat.

1.2.2 Die … meet ʼn besigheid se wins, sosiale en omgewings-volhoubaarheid.

1.2.3 ... is ʼn kontrak wat deur ʼn persoon of besigheid uitgeneem word om risiko te bestuur.

1.2.4 ... vereis kreatiewe denke om alternatiewe oplossings te genereer en te evalueer.

1.2.5 … beteken om vertroue in jou eie vermoëns, eienskappe en oordeel te hê. (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Vennootskap | A | Die raad van direkteure word deur die regering aangestel |
| 1.3.2 | Dinkskrum | B | Eienaars is persoonlik vir skuld en eise teen die besigheid verantwoordelik en persoonlike bates kan verkoop word om skuld te betaal |
| 1.3.3 | Maatskappy in staatsbesit | C | Aktiwiteite wat jy geniet |
| 1.3.4 | Etiek | D | Kragte vir en kragte teen |
| 1.3.5 | Navorsing | E | Verskil van ander wat betref kultuur of geloof |
| | | F | Hulle is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die skuld en verantwoordelikhede |
| | | G | Besonderhede van 7 P's se opsomming |
| | | H | ʼn Proses om feite te versamel om klante se behoeftes te bepaal |
| | | I | ʼn Stel morele waardes van ʼn individu of ʼn groep |
| | | J | Genereer baie idees vir die oplos van ʼn probleem |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**NOTE:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy, ensovoorts.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Gauteng is een van die ryker provinsies in die land omdat grondstowwe en infrastruktuur beskikbaar is. Statistiek SA se syfers toon dat meer mense in die aanloklike stad van goud en ander minerale werk soek. Hierdie mense kom van oral in Suid-Afrika en die buiteland.

2.1.1 Haal enige TWEE faktore wat ŉ impak op die ligging van ŉ besigheid het, uit die scenario hierbo aan. (2)

2.1.2 Verduidelik enige TWEE aspekte wat belangrik is vir die ligging van ŉ besigheid. (2 x 2) (4)

2.1.3 Evalueer die impak van ENIGE faktor aangehaal in VRAAG 2.1.1. (2 x 2) (4)

2.2 Benoem die tipe visuele hulpmiddel wat van VRAAG 2.2.1–2.2.5 beskryf word.

2.2.1 Papierblaaie wat aan ŉ staander vasgemaak word

2.2.2 ŉ Groot skerm wat aan ŉ rekenaar of ŉ projektor gekoppel word en aan ŉ groot gehoor wys wat op die rekenaarskerm is

2.2.3 ŉ Toestel wat deur middel van ŉ videosein beelde op ŉ skerm projekteer. Dit kan videobeelde of foto's vertoon

2.2.4 ŉ Vertoontoestel wat gebruik word om beelde aan die gehoor bokant die spreker se kop te wys.

2.2.5 Verskeie toerusting wat deelnemers in staat stel om met mekaar oor lang afstande te praat asook visuele beelde te stuur (10)

2.3 Beskryf in breë trekke TWEE komponente van ŉ sakeplan. (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek, met verwysing na ŉ sakeplan, die omgewingsfaktore deur ŉ PESTWO-analise te gebruik. (8)

2.5 2.5.1 Bespreek enige TWEE stappe om vir ŉ verbale aanbieding voor te berei. (4)

2.5.2 Gee raad aan ŉ besigheid oor hoe om ondersteuningsmateriaal vir ŉ aanbieding voor te berei. (4)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem VIER elemente van professionele gedrag. (4)

3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ZANDI SE ELEGANCE RESTAURANT**

Zandi het 40 werknemers, wat uit mans en vrouens vanuit verskillende etniese groepe, geloof- en kultuurgroepe, bestaan. Hy bou sy sukses deur nuwe idees te ondersteun wat die personeel gemotiveerd en geïnteresseerd hou.

Hy wil die voorspoed van die besigheid met die personeel deel en betrek hulle by besluitneming. Die werknemers in Zandi se besigheid funksioneer goed as ŉ span wanneer dit by die besigheid se bedrywighede kom.

3.2.1 Haal enige TWEE voorbeelde van diversiteit uit die scenario hierbo aan. (2)

3.2.2 Beskryf VIER kriteria vir suksesvolle en samewerkende spanwerk. (8)

3.2.3 Verduidelik hoe Zandi diversiteit in sy besigheid kan hanteer. (8)

3.3 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat op die volgende beskrywings van toepassing is:

3.3.1 ŉ Paneel deskundiges vul ŉ reeks vraelyste in en idees word anoniem aangepas

3.3.2 ŉ Groep dink aan positiewe en negatiewe uitkomste en weeg die voordele en nadele op

3.3.3 Skryf sleutelwoorde neer en kombineer hulle op verskillende maniere om innoverende voorstelle te kry. (3 x 2) (6)

3.4 Beskryf in breë trekke die probleemoplossingsiklus. (12)
**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BUFFALO TIMBER BPK.** |
|---|
| Matthew en Peter vervaardig skoolmeubels, lessenaars, tafels, stoele en kaste. Hulle oorweeg om meer spasie te huur van hul redelike verhuurder se billike pryse vir hul produksiebedrywighede sowel as die duur gespesialiseerde masjinerie.<br><br>Hulle moet ook 'n groot vragmotor koop wat oor ’n langer tydperk betaalbaar sal wees. Hulle beoog om regskontrakte vir al bogenoemde aktiwiteite op te stel, maar dit is nie duidelik hoe om dit te doen nie. |

4.1.1 Identifiseer die tipe kontrakte wat Buffalo Timber Bpk. van bogenoemde scenario verlang. (6)

4.1.2 Beskryf aspekte wat in die dienskontrak van Buffalo Timber Bpk. ingesluit moet word. (8)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **PETER SE VLEIS & SUIWEL (PVS)** |
|---|
| PVS spesialiseer in die verkoop van vleis, melk, kaas en jogurt. Hy het drie opgeleide werknemers. Die besigheid het nie genoeg kapitaal om nuwe moderne masjinerie om hulle produksie te verbeter aan te koop nie. PVS se mededinger in dieselfde omgewing, is as gevolg van ’n oneffektiewe bemarkingstrategie en ’n gebrekkige navorsingplan, baie na aan bankrotskap. PVS is in ’n hoë misdaadgebied geleë. |

4.2.1 Noem TWEE navorsingsinstrumente wat PVS kan gebruik om data van klante te verkry. (2)

4.2.2 Doen ’n SSGB-(SWOT-) ontleding vir PVS. (8)

### BESIGHEIDSROLLE

4.3 Noem VIER voordele van tydsbestuur. (4)

4.4 Beskryf die belangrikheid om doelwitte te stel. (4)

4.5 Maak voorstelle oor hoe om aan jou sterkpunte en swakhede te werk. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord van die vraag moet op ʼn NUWE bladsy begin.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (ONDERNEMINGSVORM)

| |
|---|
| Vusi en Sibu het hulle BSc Ing-grade in dieselfde jaar voltooi. Hulle het besluit om ʼn konstruksiebesigheid in Oos-Londen te begin. Hulle oorweeg ʼn persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy. |

As ʼn besigheidsontleder, skryf ʼn verslag oor die volgende aspekte:

- Brei uit oor die betekenis van ʼn persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy.
- Beskryf die kenmerke van hierdie ondernemingsvorm.
- Bespreek die voordele en nadele van die persoonlike aanspreeklikheids-maatskappy.
- Onderskei tussen ʼn *maatskappy met ʼn winsmotief* en ʼn *maatskappy sonder ʼn winsmotief*. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID)

| |
|---|
| Besigheidsondernemings is deel van die samelewing. Hulle het dus ʼn sosiale verantwoordelikheid teenoor die samelewing en die omgewing en hul aktiwiteite moet volhoubaar wees. |

- Onderskei tussen *korporatiewe sosiale verantwoordelikheid* en *korporatiewe sosiale belegging.*
- Beskryf in breë trekke die voordele van KMB vir beide besigheid en die gemeenskap.
- Gee raad aan die besigheid oor ʼn werkplekprogram om MIV/Vigs te hanteer.
- Stel maniere voor waarop ʼn besigheid die plaaslike gemeenskap kan help om werkloosheid aan te spreek. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou